

'n Groter geloof

Teks: Johannes 20: 19 - 31

Teksvers: Johannes 20: 29

1. Inleiding

Broers en susters Paasfees is nou al 'n week gelede verby. Maar gun my asb? vanoggend nog 'n geleentheid om stil te staan by die gebeure net na ons Here Jesus Christus se opstanding uit die dood. Die dissipels staan ook stil of dalk meer belangrik, hulle bly ook stil. Ons teks gedeelte begin waar hulle bymekaar is agter geslote deure. Waar hulle saam die Sondag deurbring. Maar sonder die ongelowige Thomas, presies waar die Afrikaanse spreekwoord natuurlik vandaan kom.

Op 'n manier voel ons 'n saam met hierdie dissipels wat wegkruip vir die Jode. Want die Jode kan hulle dalk ook om die lewe bring. Ons moet ook agter geslote hekke hier bymekaar wees omdat die wêreld nie respek het vir die kerk en heiligheid van God nie. Ook almal van ons is natuurlik nie hier nie, want daar is altyd dinge wat die wêreld in ons pad kom plaas op pad kerk toe. Tog het ons steeds 'n diep behoefte om hier bymekaar te wees, soos hierdie dissipels wat nie 'n leier het op hierdie oomblik nie.

Die eintlik vraag wat ons vanoggend wil vra en beantwoord is hoe lyk geloof. Dit wat ons bonatuurlik aan die Here koppel. Is dit waarneembaar, meetbaar, oordraagbaar of selfs

verhandelbaar. Neem ons nog die tyd om ons eie geloof te ondersoek. Want selfs uit kringe wat hulleself beskou as medegelowiges is die kritiek vandag vel. Maak maar net die media of sosiale media oop en verklaar dat jy 'n lidmaat is van die GKSA en kyk hoe vinnig sal iemand jou aanval of van ander leerstellings probeer oortuig. Maar wat gebeur met die ongelowige Thomas in ons teksvers vanoggend?

2. Sien is glo

Die gedagte van sien is glo weerklink duidelik uit ons teksgedeelte vanoggend. Eintlik wanneer ons eerlik is, gaan dit nog verder. Thomas verklaar in vers 25 as hy nie sien en voel, met ander woorde ervaar nie, sal hy nooit glo nie. Sien 'n blote misterieuse of spookagtige verskyning is nie genoeg vir hom nie. Hy soek Jesus, hy soek dieselfde man wat tasbaar hulle nog net 'n rukkie gelede onderrig het. Indien Hy dood is, is daar geen hoop vir Thomas nie.

Ons is ook dikwels op hierdie plek. Daar word ook in ander groeperings rondom ons baie gemaak van ervarings. Maar wanneer ons met onself eerlik is vanoggend, was daar al by die meeste van ons 'n hunkering om te kon lewe in die tyd van die bediening van ons Here Jesus

Christus, hier op aarde. Miskien dink ons verkeerdlik, dat die navolging waarin die dissipels gelewe het gemaklik en glorieryk was. Maar sou dit nie makliker wees as ons ook vir Jesus Christus, persoonlik as mens kon ken nie?

Die probleem met hierdie hunkering is dat dit juis gekweek is of word van 'n ander kant af. Van daardie kant wat toenemend probleme het om die Woord van die Here letterlik te verstaan en te gehoorsaam. Daardie kant wat stadigaan meer geloof aan koue harde wetenskap wil gee. Waar iets net bestaan indien dit in wetenskaplikes se navorsings gebied vasgevang en ontleed kan word. Maar hier in ons teksgedeelte staan die Here Jesus Christus dan nou voor die dissipels. Hy het deur die geslote deur gekom, maar is tasbaar teenwoordig. Vir hulle is sien glo op hierdie stadium. Maar Jesus is nie alleen nie, die Heilige Gees is ook daar. Jesus gaan die Heilige Gees ook agterlaat wanneer Hy verder gaan. Maar Thomas is nie daar nie.

3. Kom hier kleingelowige

Gaan daar nou bloot nog 'n dissipel verlore gaan omdat hy afwesig is van die gemeenskap van gelowiges af? Die antwoord is Nee, wanneer God iemand uitverkies en roep, sal die mens gered word. Dit maak nie saak wat dit kos nie. Dit is immers die hart van wat in ons teksgedeelte gebeur, die hart van

die evangelie. God die Vader wat ons so lief het, dat Hy Sy ennigebore Seun offer in die plek van ons sondes. Sodat die sonde en ongeloof uit die pad geruim kan word, en ons in 'n verhouding met die Vader kan leef.

Dit is wat ook prakties in ons teksgedeelte gebeur. Jesus stoot nie maar Thomas in sy twyfel weg nie. In vers 27 sien ons vir Christus waar Hy die kleingelowige Thomas nader roep. Hy roep hom nader met 'n uitnodiging. Thomas moet dit wat in die pad van sy geloof staan, uit die pad kom haal. Hy moet ervaar dat daar iets groter as sy twyfel is. Dat die hande wat deur die spykers van die kruis deurboor is, ook uitgestrek hom nader roep.

Daardie hande roep vandag nog vir u en my nader. Dit is immers die rede waarom ons graag vanoggend hier bymekaar wil wees. Die Heilige Gees trek ons nader aan hierdie vergadering van die gemeenskap van gelowiges, omdat ons die lewe buite onself wil aangryp. Die ewige lewe in die sterwe en opstanding van ons Here Jesus Christus. Hoor ook weer vanoggend die uitnodiging agter die hande met spyker merke op, en agter die deurboorde sy. Kom nader

kleingelowige wat hier is verlossing en redding.

Vir Thomas word die geloof 'n persoonlike geloof. Die waarheid wat hy leer ken het, in die tyd wat hy met Christus spandeer het, is nou persoonlik die antwoord op sy twyfel. Hy kan nou bely: My God en My Here.

4. Geen oë of ervaring is nodig nie

Maar kom ons keer eers terug na die daardie hunkering van Jesus se bediening in ons tyd. 'n Vraag wat miskien hiermee saam gaan is, hoekom spesifiek die tyd waarin dit gebeur het. Ons weet en bely dat dit nie toevallig is nie. Dat God die Vader op die volmaakte tyd Sy ennigebore Seun as mens na die aarde stuur. Tog wil ons vra, maar is die perfekte tyd werklik so primitiewe tyd. 'n Tyd sonder internet en sosiale media. Eintlik nog verder 'n tyd sonder TV of selfs koerante, of goeie skilderkuns. Alles dinge wat bygedra het tot die feit dat ons nie vandag 'n foto of selfs portret van Jesus se voorkoms het nie.

Miskien kan die vraag nog verder gevra word oor die politieke bestel, of sosio historiese konteks van die Joodse volk. Daar waar hulle gebuk gaan onder die Romeine. Sou dinge in 'n ander vroëer of later era, nie soveel anders kon wees nie. Maar dit is juis dan wanneer ons teksvers so hard en reguit, ook

met ons praat. Gelukkig is die wat nie gesien en tog geglo het. Ons Here Jesus Christus maak dit hierdie duidelik, dat hierdie voorreg van Thomas nie 'n vereiste vir geloof gaan word nie.

Geloof sal voortaan in mense gewerk word deur die Heilige Gees, wanneer hulle die evangelie hoor. Met ander woorde wanneer die Bybel aan hulle gelees en verkondig word. Dit is die manier waarop God wil hê mense moet tot geloof kom. Nie deur 'n persoonlike liggaamlike ontmoeting met Christus nie. Nie deur 'n hoorbare stem van God af nie. Nie deur na 'n foto of film van Jesus te kyk nie. Nee, deur die aanhoor van die woord. En daarom is dit die taak van die kerk. Tydige en ontydige woordverkondiging sodat die Heilige Gees die geloof in mense kan werk.

5. Slot

Ons kan vanoggend op hierdieondag 'n week na paasfees, met die volgende gedagte afsluit. Ons het die voorreg om deel te wees van die Saliges of gelukkiges. Ons het hierdie voorreg omdat ons nie gesien het nie, maar tog glo. Omdat ons nie in die tyd van Christus se aardse bediening geleef het nie, maar tog steeds uitverkies en gered is. Deur die Heilige Gees nader getrek is om vandag gelowiges te wees.

Ons moenie dat enige iemand of beweging hierdie groot seëning van ons af wegneem nie. Ons moenie toelaat dat misterie en ander vreemde gebruike in die pad kom staan nie. Ons moenie ander paaie na die Here soek nie. Hy kom gee Sy Seun as die weg, die waarheid en die lewe. Dit is die evangelie wat gister, vandag en more dieselfde bly. Dit is voorreg wat ons het, om hierdie evangelie te gaan verkondig.

Uiteindelik is dit ons voorreg om ook deel te wees van hierdie groter geloof. Hierdie geloof wat nie hoef te sien en ervaar nie. Hierdie geloof wat nie eers selfs sy vinnigers en hand op die liggaam van die Here te plaas voor daar geglo kan word nie. Hierdie geloof wat nie eiewillig soek na iets wat voldoen aan moderne standarde, oortuigings of mode nie. Hierdie geloof wat eenvoudig gewerk en gevoed word by die aanhoor van die woord. Woorde en sine op 'n bladsy in 'n boek. Kennis en waarheid wat vir die wêreld dwaas voorkom, maar vir ons tot redding is. Kennis wat die Heilige Gees as waarheid in ons harte bevestig. Kom leef en deel ook hierdie groter geloof met 'n wêreld daar buite. Maar bo alles kom ervaar hoe ons ook die mense is wat Salig genoem word deur ons Here Jesus Christus in ons teksvers.

Amen